Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2015

# REKENINGKUNDE
## Graad 12 (Kwartaal 1)

Liewe Graad 12 Rekeningkunde leerder

Welkom tot hierdie Telematiese projek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun in voorbereiding vir jou finale Graad 12 Rekeningkunde eksamen.

Hierdie program bied jou ‘n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, te konsolideer. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon. Die aanbieders sal nie al die onderwerpe dek nie – hulle sal wel fokus op moeilike onderwerpe in die leerplan ten einde jou begrip daarvan te verbeter.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy na die volgende oplet:**

- Begin werk vanaf die eerste dag
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take en assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd voltooi.

Voorspoed met jou Graad-12 jaar.

Glynis Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**TELEMATIESE ONDERRIG - 2015**

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12 (Kwartaal 1)**

| ***Datum*** | ***Onderwerp*** | ***Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te verstaan:*** |
|---|---|---|
| Maandag<br>2 Maart<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye**<br>Opstel van finansiële state<br>▪ Inkomstestaat<br>▪ Balansstaat | ▪ Die doel van die opstel van finansiële state<br>▪ The formaat van die Inkomstestaat van 'n maatskappy<br>▪ The formaat van die Balansstaat van 'n maatskappy<br>▪ Hoe om 'n Inkomstestaat op te stel<br>▪ Hoe om 'n Inkomstestaat op te stel |
| | | |
| Vrydag<br>20 Maart<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye**<br>Opstel van finansiële state<br>▪ Kontantvloeistaat | ▪ Die doel van die opstel van 'n Kontantvloeistaat<br>▪ Waar om die inligting te vind om 'n Kontantvloeistaat op te stel<br>▪ Die drie soort aktiwiteite wat in 'n Kontantvloeistaat getoon word<br>▪ Hoe om die afdelings van 'n Kontantvloeistaat te voltooi |

**MAATSKAPPYE**

| | |
|---|---|
| Die doel vir die opstel van ‘n Inkomstestaat | |
| | |
| Die doel vir die opstel van ‘n Balansstaat | |
| Die doel vir die opstel van ‘n Kontantvloeistaat | |
| | |
| Die drie soort aktiwiteite wat in ‘n Kontantvloeistaat getoon word | |
| | |
| | |

**Aktiwiteit 1**

1.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bedryfsbate; nie-bedryfsbate; inkomste; uitgawe;<br>bedryfslas; nie-bedryfslas |

1.1.1 Wins met die verkoop van 'n bate is 'n ...

1.1.2 Die gedeelte van 'n lening wat binne 'n jaar betaal moet word, is 'n ...

1.1.3 Verbruiksgoedere voorhande is 'n ...

1.1.4 Rente op 'n bankoortrekking is 'n ...

1.2 **SELATI BEPERK**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2013.

**GEVRA:**

1.2.1 Voltooi die Inkomstestaat.

1.2.2 Stel die nota op vir Behoue Inkomste.

**INLIGTING:**

**UITTREKSEL UIT DIE PROEFBALANS OP 30 JUNIE 2013:**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **R** |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 5 605 000 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2012) | 735 000 |
| Handelsvoorraad | 1 534 000 |
| Debiteurekontrole | 521 300 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | 22 000 |
| Krediteurekontrole | 471 800 |
| Lening: Puma Bank | 630 000 |
| Bank (Dt) | 129 400 |
| SAID: Inkomstebelasting (Dt) | 260 000 |
| Pensioenfonds | 15 800 |
| Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) | 2 300 |
| Vaste deposito: Sharp Bank | 450 000 |

| **Nominale rekeninge-afdeling** | **R** |
|---|---|
| Verkope | ? |
| Koste van verkope | 8 200 000 |
| Salarisse en lone | 788 000 |
| Direkteursvergoeding | 1 840 000 |
| Ouditeursfooie | 88 000 |
| Werkgewersbydrae (Pensioen en WVF) | 81 000 |
| Bankkoste | 31 000 |
| Diverse uitgawes | 89 730 |
| Oninbare skulde | 12 100 |
| Huurinkomste | 69 160 |
| Rente op vaste deposito | 27 000 |
| Herstelwerk en instandhouding | 125 600 |
| Verpakkingsmateriaal | 43 900 |
| Gewone aandele-dividende (tussentyds) | ? |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Nog R7 500 is aan die ouditeure verskuldig.

2. Goedere word teen 'n 60%-winsopslag op kosprys verkoop. Die maatskappy het kontantafslag-uitverkopings gedurende die jaar gehou om van oortollige voorraad ontslae te raak. Die totale handelskortings toegestaan aan die klante was R702 000.

3. Verpakkingsmateriaal ter waarde van R41 000 is gedurende die jaar, geëindig 30 Junie 2013, gebruik.

4. Rente op die bankoortrekking, R2 800, is by die bankkoste ingesluit.

5. Geen inskrywings is gemaak vir voorraad wat aan die begin van Junie 2013 gesteel is nie. Die versekeringsmaatskappy het Selati Bpk. ingelig dat hulle R32 000 in die besigheid se bankrekening inbetaal het met betrekking tot die versekerings-eis. Selati Bpk. dra 20% van enige voorraadverlies.

6. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2013 het getoon dat voorraad ter waarde van R1 475 500 voorhande is.

7. 'n Bedrag van R1 700, ontvang van M Mpoani, is gedurende Junie 2013 na die Debiteurekontrolerekening gekrediteer. Die rekening van M Mpoani is gedurende Mei 2013 as oninbaar afgeskryf.

   Die voorsiening vir oninbare skulde moet na 4% van uitstaande debiteure aangesuiwer word.

8. Een werknemer is uit die Salarisjoernaal van Junie 2013 weggelaat. Sy salaris-besonderhede is:

| Aftrekkings | Werkgewersbydrae | Netto salaris |
|---|---|---|
| 2 020 | 1 610 | 4 980 |

9. R105 000 is aan EZ Bouers betaal vir die oprigting van 'n stoorkamer (R80 000) en herstelwerk aan die plaveisel (R25 000). Die totale bedrag is verkeerdelik na Grond en Geboue gedebiteer.

10. Die leningstaat van Puma Bank op 30 Junie 2013 het getoon:

| | |
|---|---|
| Saldo aan begin van finansiële jaar | R1 470 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar | 840 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo aan einde van finansiële jaar | 750 000 |

11. Huurinkomste vir Julie 2013 is reeds ontvang. Die maandelikse huur is met 10% op 1 Mei 2013 verhoog.

12. Waardevermindering is die ontbrekende syfer in die Inkomstestaat.

13. **Netto wins en belasting:**

- Nadat alle aansuiwerings in berekening geneem is, is die **korrekte** netto wins na belasting R588 000.
- Die inkomstebelastingkoers is 30% van netto wins voor belasting.

14. **Aandele:**

- Die gewone aandelekapitaal op 1 Julie 2012 het uit 1 500 000 gewone aandele bestaan wat teen R2,60 per aandeel uitgereik was.
- 500 000 aandele is op 1 Januarie 2013 teen R4,00 per aandeel uitgereik. Hierdie is reg opgeteken.
- Op 28 Februarie 2013 het die direkteure 100 000 aandele teruggekoop teen ‘n prys van R4,50 per aandeel, uit die boedel van ‘n aandeelhouer wat afgesterf het. Dit is nog nie opgeteken nie.

**Aandele en dividende:**

- Tussentydse dividende van 14 sent per aandeel is op 31 Desember 2012 verklaar en betaal.
- Finale dividende van 10 sent per aandeel is op 30 Junie 2013 verklaar.

**Aktiwiteit 2**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Vijay Beperk. Die finansiële jaareinde is 28 Februarie 2014.

**GEVRA:**

2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

2.1.1 Aandelekapitaal
2.1.2 Behoue inkomste

2.2 Stel die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 28 Februarie 2014 op. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE berekeninge tussen hakies.

**INLIGTING:**

**A.** Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 750 000 gewone aandele. Op 1 Maart 2013 is slegs 60% van die aandele uitgereik.

**B.** Die volgende bedrae is uit die rekords geneem:

| | **28 Feb. 2014** | **28 Feb. 2013** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | **?** | 3 215 000 |
| Behoue inkomste | **?** | 322 500 |
| Totale gewone aandeelhouersbelang | **?** | 3 537 500 |
| Vaste bates (drawaarde) | **?** | |
| Vaste deposito: Sam Bank | 650 000 | |
| Lening: William Bank | 482 600 | |
| Voorrade | 275 400 | |
| Debiteurekontrole | 243 500 | |
| Krediteurekontrole | 62 460 | |
| Kontant in die bank en kleinkas | 336 600 | |
| Vooruitontvange inkomste (Huur) | 12 120 | |
| Vooruitbetaalde uitgawes (Versekering) | 7 600 | |
| Voorlopige inkomstebelasting-betalings | 299 980 | |
| Tussentydse dividende | 270 000 | |

**C.** Op 1 November 2013 het die maatskappy 'n verdere 80 000 aandele teen R9,50 per aandeel uitgereik.

**D.** Op 28 Februarie 2014 het die direkteure besluit om 75 000 gewone aandele terug te koop uit die boedel van 'n aandeelhouer wat oorlede is. Hierdie aandeelhouer het oorspronklik sy aandele op die JEB op verskillende tye en teen verskillende pryse gekoop. 'n Terugkoopprys van R10,40 is as 'n billike prys aanvaar.

**E.** Op 27 Februarie 2014 is 'n finale dividend van 40 sent per aandeel verklaar. Alle aandele, wat die nuwe uitgereikte aandele asook die teruggekoopte aandele insluit, kwalifiseer vir finale dividende.

**F.** Die leningstaat van William Bank wat op 28 Februarie 2014 ontvang is, toon rente gekapitaliseer teen R81 400. Dit is nie in die boeke opgeteken nie. Die onderneming verwag om 20% van die uitstaande saldo in die volgende finansiële jaar te vereffen.

**G.** Nadat al die aansuiwerings hierbo in ag geneem is, is die netto wins voor belasting bereken as R1 161 000. Die inkomstebelasting word teen 30% van netto inkomste voor belasting bereken.

**Aktiwiteit 3**

Jy word voorisen van inligting met betrekking tot Derby Bpk.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die nota vir versoening van wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer.

3.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2013

**INLIGTING:**

**DERBY BPK**
**BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2013**

| **BATES** | | **2013** | **2012** |
|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | 4 140 000 | 2 760 000 |
| Vaste bates | | 3 552 000 | 2 532 000 |
| Finansiële bates | | 588 000 | 228 000 |
| **Bedryfsbates** | | 1 740 000 | 1 804 800 |
| Voorrade | | 1 094 400 | 1 392 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | | 156 000 | 324 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | | 489 600 | 88 800 |
| **TOTALE BATES** | | 5 880 000 | 4 564 800 |
| | | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | | 3 993 600 | 2 142 800 |
| Gewone aandelekapitaal | | 2556 000 | 1 440 000 |
| Behoue inkomste | | 1 437 600 | 702 800 |
| **Nie-bedryfslaste** | | 804 000 | 960 000 |
| Lening van Hero Bank | | 804 000 | 960 000 |
| **Bedryfslaste** | | 1 082 400 | 1 432 000 |
| Handels en ander betaalbare bedrae | | 1 082 400 | 1 432 000 |
| | | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | | 5 880 000 | 4 564 800 |
| | | | |

**NOTAS TOT FINANSIËLE STATE**

| | | | 2013 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| **1.** | **HANDELS EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE** | | **2013** | **2012** |
| | Handelsdebiteure | | 121 200 | 312 000 |
| | Inkomste ontvangbaar | | 4 800 | 12 000 |
| | SAID (Inkomstebelasting) | | 30 000 | 0 |
| | | | 156 000 | 324 000 |
| | | | | |
| **2.** | **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | | | |
| | Kontant in bank | | 453 600 | 72 800 |
| | Wisselgeld | | 24 000 | 16 000 |
| | Kleinkas | | 12 000 | 0 |
| | | | 489 600 | 88 800 |
| | | | | |
| **3.** | **HANDELS EN ANDER BETAALBARE BEDRAE** | | | |
| | Handelskrediteure | | 310 800 | 778 000 |
| | Inkomste vooruit ontvang | | 18 000 | 84 000 |
| | Aandeelhouers vir dividende | | 753 600 | 432 000 |
| | SAID (Inkomstebelasting) | | 0 | 168 000 |
| | | | 1 082 400 | 1 462 000 |

**Addisionele inligting**

1. Die netto wins voor belasting is R2 480 160.

2. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R692 000

3. Dividende vir die 2013 finansiële jaar bestaan uit:
   - Tussentydse dividende R263 760
   - Finale dividende R753 600

4. Waardevermindering vir die jaar in die Inkomstestaat beloop R348 000

5. Derby Bpk betaal R27 360 per maand aan Klub Bank wat rente en leningspaaiemente insluit. Rente word op die lening gekapitaliseer.

6. ‘n Voertuig is teen boekwaarde verkoop:
   - Kosprys R226 000
   - Opgehoopte waardevermindering R152 000

7. Besonderhede van aandelekapitaal
   - Die goedgekeure aandele kapitaal bestaan uit 3 000 000 aandele
   - Op 1 Januarie 2013 is daar 360 000 gewone aandele in uitreik. Op hierdie datum het die direkteure besluit om 36 000 gewone aandele van ‘n ontevrede aandeelhouer terug te koop teen ‘n prys van 500 sent per aandeel.
   - Op 31 Desember 2013 het die maatskappy 150 000 nuwe aandele uitgereik teen ‘n prys van 840 sent elk.

**Aktiwiteit 4**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Meteoor Supermarkte Beperk, 'n publieke maatskappy. Die einde van die finansiële jaar is 28 Februarie 2014.

**GEVRA:**

4.1 **Verwys na Inligting E:**

Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **a**, **b** en **c**) in die Vaste/Tasbarebate-nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014.

4.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014. Sommige van die besonderhede en syfers is reeds in die ANTWOORDEBOEK aangebring. Toon bewerkings tussen hakies.

4.3 By die AJV het 'n aandeelhouer gesê dat die Kontantvloeistaat swak besluite deur die direkteure toon.

Verduidelik TWEE punte, met relevante syfers, om sy mening te staaf.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014:**

| | |
|---|---:|
| Rente op lening (alles gekapitaliseer) | 88 500 |
| Netto wins voor belasting | 1 575 000 |
| Inkomstebelasting | 441 000 |

**B. Uittreksel uit die Balansstaat soos op:**

| | 28 Feb. 2014 | 28 Feb. 2013 |
|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | **3 337 300** | **4 641 000** |
| Voorrade | 818 200 | 641 000 |
| Handelsdebiteure | 2 377 600 | 1 512 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 128 000 | - |
| Kontant en kontantekwivalente | 13 500 | 2 488 000 |
| | | |
| **Aandeelhouersbelang** | **8 839 000** | **7 400 000** |
| Gewone aandelekapitaal | 8 700 000 | 6 600 000 |
| Behoue inkomste | 139 000 | 800 000 |
| | | |
| **Verbandlening: Excel Bank** (rentekoers: 12,5% p.j.) | **908 000** | **508 000** |
| | | |
| **Bedryfslaste** | **2 063 700** | **1 302 000** |
| Handelskrediteure | 678 700 | 700 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 870 000 | 480 000 |
| Oortrokke bankrekening | 515 000 | - |
| SAID: Inkomstebelasting | - | 122 000 |

**C. Aandeelhouersregister:**

| DATUM | BESONDERHEDE |
|---|---|
| 1 Maart 2013 | 1 200 000 uitgereikte aandele |
| 31 Maart 2013 | 300 000 aandele uitgereik teen R8 elk |
| 31 Desember 2013 | Die maatskappy het 50 000 aandele, teen R9,50 elk, by 'n ontevrede aandeelhouer, S Smit, teruggekoop. Die gemiddelde prys van alle aandele tot op datum uitgereik, was R6 per aandeel. |
| 28 Februarie 2014 | 1 450 000 uitgereikte aandele |

**D. Dividende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014:**

| | |
|---|---|
| Tussentydse dividende op 31 Augustus 2013 betaal | R750 000 |
| Finale dividende op 28 Februarie 2014 verklaar | R870 000 |

**E.** **Vaste/Tasbare bates:**

| | **GROND EN GEBOUE** | **VOERTUIE** |
|---|---|---|
| **Drawaarde aan die begin van die finansiële jaar** | **2 689 000** | **1 880 000** |
| Kosprys | 2 689 000 | 3 250 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | - | (1 370 000) |
| **Bewegings** | | |
| Toevoegings teen kosprys | **a** | 330 000 |
| Bateverkope teen drawaarde | - | **b** |
| Waardevermindering | - | **c** |
| **Drawaarde aan die einde van die finansiële jaar** | **6 740 000** | |
| Kosprys | 6 740 000 | 3 440 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | - | |

**Addisionele inligting in terme van vaste/tasbare bates:**

(i) 'n Voertuig is op 31 Mei 2013 teen drawaarde vir kontant verkoop. Die volgende uittreksel van die voertuig wat verkoop is, is uit die Vastebateregister geneem:

Kosprys: R140 000 Datum aangekoop: 1 Maart 2012
Waardeverminderingskoers: 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode

| **FINANSIËLE JAAREINDE** | **WAARDE-VERMINDERING** | **OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING** |
|---|---|---|
| 28 Februarie 2013 | 28 000 | 28 000 |
| 31 Mei 2013 | 5 600 | 33 600 |

(ii) 'n Nuwe voertuig, wat R330 000 gekos het, is op 1 Januarie 2014 aangekoop en per tjek betaal.

(iii) Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.

(iv) Nuwe perseel (grond en geboue) is gedurende die finansiële jaar bekom.

## FORMATE VAN FINANSIëLE STATE

**……………………………….. BEPERK**
**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG …………………………**

| | Nota | R |
|---|---|---|
| Verkope | | |
| Koste van verkope | | |
| Bruto wins | | |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| Fooi-inkomste | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfsuitgawes | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Bedryfswins (verlies) | | |
| Rente inkomste | 1 | |
| | | |
| Rente uitgawe | 2 | |
| Wins (verlies) voor belasting | | |
| Inkomstebelasting | | |
| Netto wins (verlies) na belasting | 9 | |

**………………………………….. BEPERK**

**BALANSSTAAT OP ……………………………**

| | **Nota** | **R** |
|---|---|---|
| **BATE** | | |
| NIE-BEDRYFSBATES | | |
| Vaste / tasbare bates | 3 | |
| Finansiële bates | | |
| BEDRYFSBATES | | |
| Voorraad | 4 | |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | 5 | |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | |
| **TOTALE BATES** | | |
| **EKWITEIT & LASTE** | | |
| AANDEELHOUERSBELANG | | |
| Gewone aandelekapitaal | 7 | |
| Behoue inkomste | 8 | |
| NIE-BEDRYFSLASTE | | |
| Lening van | | |
| Lening van | | |
| BEDRYFSLASTE | | |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 9 | |
| Bankoortrekking | | |
| Korttermynlening terugbetaalbaar*(LW. Kan in nota 9 geplaas word)* | | |
| **TOTALE EKWITEIT & LASTE** | | |

**……………………………. BEPERK**

**NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE …………………………..**

**1 RENTE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| Op vaste deposito | |
| Op spaarrekening | |
| Op lopende bankrekening | |
| Op uitstaande debiteure | |
| | |

**2 RENTE UITGAWE**

| | |
|---|---|
| Op lening van | |
| | |
| | |

**3 VASTE BATES**

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Drawaarde aan begin van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |
| Beweging | | | | |
| Toevoegings teen kosprys | | | | |
| Bateverkope teen drawaarde | | | | |
| Waardevermindering | | | | |
| Drawaarde aan einde van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |

**4 VOORRAAD**

| | |
|---|---|
| Handelsvoorraad | |
| Verbruiksgoedere voorhande | |
| | |

**5 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Handelsdebiteure | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | |
| Netto handelsdebiteure | |
| SAID (Inkomstebelasting) | |
| Voruitbetaalde uitgawes | |
| Opgelope inkomste (ontvangbaar) | |
| | |
| | |

**6 KONTANT & KONTANT EKWIVALENTE**

| | |
|---|---|
| Vaste deposito (verval binne 12 maande) | |
| Spaarrekening | |
| Bank | |
| Wisselgeld | |
| Kleinkas | |

**7 AANDELEKAPITAAL**
**GEMAGTIGDE**

| | |
|---|---|
| Aantal gemagtigde gewone aandele: XXX gewone aandele | |

**UITGEREIK**

| | |
|---|---|
| XXX uitgereikte gewone aandele aan begin van die jaar | |
| XXX addisionele aandele gedurende die finansiële jaar uitgereik | |
| XXX gewone aandele teruggekoop (gemiddelde prys van XXX) | |

XXX uitgereikte gewone aandele aan einde van die jaar

**8 BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | |
| Netto wins (verlies) na belasting vir die jaar | |
| Aandele teruggekoop | |
| Dividende op gewone aandele | |
| Betaal | |
| Aanbeveel | |

Saldo aan die einde van die jaar

**9 HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Handelskrediteure | |
| Opgelope uitgawes (betaalbaar) | |
| Vooruitontvange inkomste | |
| Aandeelhouers vir dividende | |
| SAID (Inkomstebelasting) | |
| Krediteure vir salarisse | |
| Werkloosheidsversekeringsfonds | |
| Pensioenfonds | |
| Mediese fonds | |

**……………………………. BEPERK**

**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG …………………………**

| | Nota | R |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant gegenereer (benut) deur bedrywighede | 1 | |
| Rente betaal | | |
| Dividende betaal | 3 | |
| Inkomstebelasting betaal | 4 | |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Aankope van vaste bate | 5 | |
| Opbrengs uit verkope van vaste bates | | |
| Beleggings verval / aangegaan | | |
| **Kontantvloei uit finansiële aktiwiteite** | | |
| Opbrengs van aandele uitgereik | | |
| Aandele teruggekoop | | |
| Langtermynlenings ontvang/ terugbetaal | | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | 2 | |
| **Kontant & kontantekwivalente aan die begin van die jaar** | 2 | |
| **Kontant & kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 2 | |

**NOTAS TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG ……………………**

**1 REKONSILIASIE VAN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE**

| | |
|---|---|
| Netto wins voor belasting | |
| Aansuiwerings ten opsigte van: | |
| Waardevermindering | |
| Rente uitgawe | |
| Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal | |
| Kontantgevolge /-effekte van veranderinge in bedryfskapitaal | |
| Verandering in voorraad | |
| Verandering in debiteure | |
| Verandering in krediteure | |
| | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | |

| **2 KONTANT & KONTANTEKWIVALENTE** | **Netto** | **Jaar 2** | **Jaar 1** |
|---|---|---|---|

| | verandering | | |
|---|---|---|---|
| Bank | | | |
| Wisselgeld | | | |
| Kleinkas | | | |

**3 DIVIDENDE BETAAL**

| | |
|---|---|
| Dividende vir die jaar soos uit finansiële state | |
| Balans aan begin van die jaar | |
| Balans aan die einde van die jaar | |

**4 INKOMSTEBELASTING BETAAL**

| | |
|---|---|
| Inkomstebelasting vir die jaar soos uit die finansiële state | |
| Balans aan die begin van die jaar | |
| Balans aan die einde van die jaar | |

**5 VASTE BATES AANGEKOOP**

| | |
|---|---|
| Grond en geboue | |
| Voertuie | |
| Toerusting | |

| **Berekeninge** | ***Vaste bates teen netto batewaarde*** |
|---|---|
| Begin | |
| Plus aankope van vaste bates | |
| Min verkope van vaste bates | |
| Min waardevermindering | |
| = Einde | |